**4 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:1-8, 169-174**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:1**

**Dit gaan goed met jou!**

Hoe kan dit met mens goed gaan in hierdie ou lewe? Psalm 119 se antwoord is kort en saaklik: Deur jou te hou aan die wet van die Here!
Die Here, die Skepper van hemel en aarde, gee lewe deur sy Woord. Dit herhaal hierdie Psalm 'n paar keer. Al word die digter vervolg en verdruk, vind hy tog rus en krag in die onderhouding van die wet van die Here. Dit gee sin en betekenis aan sy lewe. Dit is vir hom dankbare diens aan die Here. Dit laat dit met hom goed gaan. Deur sy wet lei die Here hom op die regte pad.
In die hou van die wet ervaar die digter die troue liefde van God. Hierdie liefde oorskadu sy hele lewe.
Die grootheid en krag van die Woord van God word ten volle in Jesus Christus geopenbaar. Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon (Joh. 1). Hy het vir ons die wet kom volbring sodat ons kinders van God kan wees. Hierdie Woord gee aan ons die lewe!
Nou kan ons, vervul met die liefde van die Woord, antwoord met ons liefde: liefde tot God en liefde tot ons naaste.
Dit is die vreugde van die lewe van die kind van God. Ons lewe nou onder die sorg en beskerming van God, ons is vas in sy liefde:

- sy Woord is die lamp wat ons die weg wys en die lig op ons pad ...
- sy Woord gee insig en lewenswysheid ...
- dit gee troos en krag ...
- dit laat ons altyd van God se grootheid getuig.

"Help my tog altyd, want ek stel u bevele eerste" (vs. 173). Alleen so kan ons die lewe aanpak en word ons lewe sinvol, het ons ware vreugde, word ons getuies van die Here saam met die hele skepping en gaan dit met ons goed!

*Sing: Psalm 119:7 (1936)* *Ds. RG Aucamp (Middelburg, Karoo)*